Bobaas reeks

Bobaas Blaarvreter 16%

Blaarvreters selekteer voer van hoë kwaliteit en hoë verteerbaarheid. Hulle dieet bevat hoër energie en proteïene in vergelyking met 'n grasvreter se dieet. Blaarvreters het kort en gereelde eetsessies en 'n kort herkou proses. Die voer beweeg vinnig deur die verteringskanaal en daar is laer retensietyd in die grootpens vir die afbreek van vesel. Blaarvreters het 'n baie kleiner omasum as grasvreters, en laer toleransie vir vesel. Die blaarvreter het gespesialiseerde papille op die grootpenswand, wat 'n vergrote oppervlakte het vir die opneem van groot hoeveelhede voedingstowwe. Ons Bobaas Blaarvreter 16 bevat minimum 16% proteïene en is spesifiek geformuleer vir alle blaarvreters en gemengde vreters. Hierdie produk kan ook vir grasvreters gevoer word teen laer innames. **Dit is 'n aanvullende voer (supplement) wat altyd saam met voldoende weiding of goeie kwaliteit ruvoer gevoer moet word.**

Registrasienommer: V29055
Wet 36/1947

VOEDINGSTOF	SPESIFIKASIE	KONSENTRASIE	MIN/MAKS
Proteïen	160	g/kg	min
Proteïen vanaf NPN	0	%	maks
Energie (Geraam)	9.8	MJ/kg	min
Vog	120	g/kg	maks
Vet	30	g/kg	min
Vesel	100	g/kg	maks
Kalsium	12	g/kg	maks
Fosfor	7	g/kg	min
Kalium	12	g/kg	min
Magnesium	3	g/kg	min
Natrium	2	g/kg	min

Tipe dier

Blaar-en gemengde vreter wild

Doel

'n Aanvullende voer om die nutriënt behoeftes van die blaar en gemengde vreter te bevredig

Voordele van die produk:

- Verskaf hoër energie om aan behoeftes te voldoen.
- Proteïen kwaliteit is hoog om aan spesifieke behoefte te voldoen.
- Bevat verbyvloei-aminosure in spesifieke verhoudings om beter liggaamsgroei, melkproduksie en horinggroei te bewerkstellig.
- Bevat laer veselvlakke om die vertering van blaar en gemengde vreters te bevoordeel.
- Bevat hoë kwaliteit minerale en vitamiene waarvan groot gedeelte in organiese vorm is.
- Die produk is geformuleer om groei, reproduksie en horinggroei te bevorder asook om 'n gesonde haarkleed te verseker.
- Word in pilvorm aanbeveel vir minder vermorsing en beter inname.

Voerinstruksie

- Dit is 'n aanvullende voer (supplement) wat altyd saam met voldoende weiding of goeie kwaliteit ruvoer gevoer moet word. Voer streng volgens aanbeveling. Raadpleeg 'n Wildswinkel Voere voedingskundige indien meer inligting verlang word.
- Verseker dat daar voldoende vreetspasie is vir elke dier.

Inname riglyne

- Rooibok: 0.275 – 0.5 kg/dag
- Koedoe: 1.0 – 2.0 kg/dag
- Njala: 0.3 – 0.7 kg/dag
- Bosbok: 0.175 – 0.35 kg/dag
- Eland: 2.25 – 4.25 kg/dag
- Springbok 0.175 – 0.35 kg/dag
- Blesbok 0.35 – 0.65 kg/dag
- Blouwildebees 1.0 – 1.8 kg/dag
- Waterbok 1.0 – 1.9 kg/dag
- Swartwitpens 1.0 – 1.9 kg/dag
- Bastergemsbok 1.35 – 2.7 kg/dag
- Buffel 2.5 – 5.0 kg/dag

Vorm & Verpakking:

Pille in 50 kg sakke.

Waarskuwing

Dit is 'n aanvullende voer (supplement) wat altyd saam met voldoende weiding of goeie kwaliteit ruvoer gevoer moet word. Voer streng volgens aanbeveling. Raadpleeg 'n Wildswinkel Voere voedingskundige indien meer inligting verlang word.